1) ~~Mechanical Engineers Dept~~
2) ~~Diamonds Technical~~

# REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

LIBRARY

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* | *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**Price 10c Prys**
**Overseas 15c Oorsee**
**POST FREE—POSVRY**

Vol. 47.] CAPE TOWN, 14TH MAY, 1969. KAAPSTAD, 14 MEI 1969. [No. 2392.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

o. 786. 14th May, 1969.

It is hereby notified that the State President has assented the following Act which is hereby published for general formation:—

o. 47 of 1969: Universitty of the North Act, 1969.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 786. 14 Mei 1969.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 47 van 1969: Wet op die Universiteit van die Noorde, 1969.

# ACT

**To grant recognition as a university to the University College of the North and to provide for the administration and control of the affairs of such university, for the regulation of its activities and for matters incidental thereto.**

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 2nd May, 1969.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions.

**1.** In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "advisory council" means the advisory council of the University, referred to in section 9; (i)

(ii) "advisory senate" means an advisory senate of the University, established under section 11; (ii)

(iii) "council" means the council of the University, referred to in section 8; (viii)

(iv) "fixed date" means the date of commencement of this Act as determined under section 44; (iii)

(v) "Minister" means the Minister of Bantu Education; (vii)

(vi) "prescribed" means prescribed by statute or regulation; (xiii)

(vii) "regulation" means any regulation framed and in force under section 33, and includes any regulation, other directive or provision referred to in subsection (2) of section 43, in so far as such regulation, other directive or provision applies in terms of that subsection; (ix)

(viii) "senate" means the senate of the University, referred to in section 10; (x)

(ix) "statute" means the statute of the University framed and in force under section 33, or any provision of that statute, as the circumstances may require, and includes any regulation, other directive, provision or joint statute referred to in subsection (2) or (3) of section 43, in so far as such regulation, other directive, provision or joint statute applies in terms of the relevant subsection; (xi)

(x) "the University" means the University of the North established by section 2; (iv)

(xi) "the university college" means the University College of the North, established under section 2 of the Extension of University Education Act, 1959 (Act No. 45 of 1959), and the establishment of which was notified under *Government Notice* No. 1195 of 31st July, 1959; (v)

(xii) "this Act" includes the statute and any regulation; (vi)

(xiii) "university institution" means any university established by Act of Parliament. (xii)

Establishment, name, seat and sphere of activity of the University.

**2.** (1) As from the fixed date the university college shall be a university to be known as the University of the North.

(2) The seat of the University shall be at Turfloop in the district of Pietersburg in the province of the Transvaal.

(3) The University shall serve the North-Sotho, South-Sotho, Tsonga, Tswana and Venda national units referred to in section 2 (1) of the Promotion of Bantu Self-government Act, 1959 (Act No. 46 of 1959).

# WET

**Tot erkenning van die Universiteitskollege van die Noorde as 'n universiteit en om voorsiening te maak vir die bestuur en beheer van die sake van die universiteit, vir die reëling van sy werksaamhede en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op 2 Mei* 1969.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Woordbepaling.**

**1.** Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Wet—

(i) „adviserende raad" die in artikel 9 vermelde adviserende raad van die Universiteit; (i)
(ii) „adviserende senaat" 'n kragtens artikel 11 ingestelde adviserende senaat van die Universiteit; (ii)
(iii) „bepaalde datum" die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet soos ingevolge artikel 44 bepaal; (iv)
(iv) „die Universiteit" die Universiteit van die Noorde by artikel 2 ingestel; (x)
(v) „die universiteitskollege" die Universiteitskollege van die Noorde, wat kragtens artikel 2 van die Wet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding, 1959 (Wet No. 45 van 1959), ingestel is, en die instelling waarvan by *Goewermentskennisgewing* No. 1195 van 31 Julie 1959 bekend gemaak is; (xi)
(vi) „hierdie Wet" ook die statuut en 'n regulasie; (xii)
(vii) „Minister" die Minister van Bantoe-onderwys; (v)
(viii) „raad" die in artikel 8 vermelde raad van die Universiteit; (iii)
(ix) „regulasie" 'n regulasie wat ingevolge artikel 33 opgestel en van krag is, en ook 'n regulasie, ander voorskrif of bepaling in subartikel (2) van artikel 43 vermeld, vir sover sodanige regulasie, ander voorskrif of bepaling ingevolge daardie subartikel geld; (vii)
(x) „senaat" die in artikel 10 vermelde senaat van die Universiteit; (viii)
(xi) „statuut" die statuut van die Universiteit wat ingevolge artikel 33 opgestel en van krag is, of 'n bepaling van daardie statuut, na gelang van die omstandighede, en ook 'n regulasie, ander voorskrif, bepaling of gemeenskaplike statuut in subartikel (2) of (3) van artikel 43 vermeld, vir sover sodanige regulasie, ander voorskrif, bepaling of gemeenskaplike statuut ingevolge die betrokke subartikel geld; (ix)
(xii) „universiteitsinrigting" 'n universiteit by Parlementswet ingestel; (xiii)
(xiii) „voorgeskryf" by statuut of regulasie voorgeskryf. (vi)

**Instelling, naam, setel en werkkring van die Universiteit.**

**2.** (1) Vanaf die bepaalde datum is die universiteitskollege 'n universiteit met die naam die Universiteit van die Noorde.

(2) Die setel van die Universiteit is by Turfloop in die distrik Pietersburg in die provinsie Transvaal.

(3) Die Universiteit bedien die Noord-Sotho-, Suid-Sotho-, Tsonga-, Tswana- en Venda-volkseenhede in artikel 2 (1) van die Wet op Bevordering van Bantoe-selfbestuur, 1959 (Wet No. 46 van 1959), bedoel.

**Status and proprietary capacity of the University.**

**3.** (1) The University shall be a body corporate capable in law of suing and being sued in its own name and, subject to the provisions of this Act, of purchasing or otherwise acquiring, holding, hiring, letting, selling, exchanging or otherwise alienating any property movable or immovable and of granting to any person any real right in or servitude on its property.

(2) The University shall not without the approval of the Minister let, sell, exchange or otherwise alienate its immovable property or grant to any person any real right therein or servitude thereon.

(3) The University may with the approval of the Minister receive money or property by way of donation or bequest or in trust and may control, use or administer it or deal with it subject to the conditions of the donation, bequest or trust.

(4) (*a*) The University may acquire for its use such stores and equipment, in such manner and on such conditions, as the Minister may determine.

(*b*) Such stores and equipment shall be controlled in a manner to be determined by the Minister.

Constitution of the University.

**4.** The University shall consist of—

(*a*) a chancellor;

(*b*) a rector, who shall also be the vice-chancellor of the University;

(*c*) a council;

(*d*) an advisory council;

(*e*) a senate;

(*f*) an advisory senate (if an advisory senate is established under section 11);

(*g*) the professors, lecturers and students of the University; and

(*h*) a registrar and the other staff of the University.

Chancellor of the University.

**5.** (1) The chancellor of the University shall be elected by the council in the manner prescribed by statute.

(2) The powers, privileges, functions, duties and period of office of the chancellor shall be as prescribed by statute.

Vice-chancellor of the University.

**6.** Whenever the chancellor is absent or unable to perform his duties and functions or exercise his powers, the rector in his capacity as vice-chancellor shall perform those duties and functions and may exercise those powers.

Rector of the University.

**7.** (1) The rector of the University shall be appointed by the Minister after consultation with the council, and his conditions of service and his powers, privileges, duties and functions shall, subject to the provisions of this Act, be as determined by the council with the approval of the Minister.

(2) The Minister may from time to time after consultation with the council appoint an acting rector to perform the duties and functions of the rector of the University and to exercise his powers whenever the rector is absent or while the appointment of a rector is pending.

(3) The rector shall be the chief executive officer of the University and shall by virtue of his office be a member of every committee of the council or the senate and of every joint committee of the council and the senate.

Council of the University.

**8.** (1) Subject to the provisions of this Act, the control, government and executive power of the University shall be vested in the council of the University, which shall consist of—

(*a*) the rector of the University;

(*b*) not less than eight persons appointed by the State President; and

(*c*) two members of the senate elected by the senate.

**Status en vermoënsregtelike bevoegdheid van die Universiteit.**

**3.** (1) Die Universiteit is 'n regspersoon en kan in sy naam as eiser en verweerder in regte optree en, behoudens die bepalings van hierdie Wet, roerende en onroerende goed koop of op 'n ander wyse verkry, besit, huur, verhuur, verkoop, verruil of op 'n ander wyse vervreem en 'n saaklike reg of serwituut op sy goed aan iemand verleen.

(2) Die Universiteit mag nie sonder die goedkeuring van die Minister sy onroerende goed verhuur, verkoop, verruil of op 'n ander wyse vervreem of 'n saaklike reg of serwituut daarop aan iemand verleen nie.

(3) Die Universiteit kan met die goedkeuring van die Minister geld of goed as skenking of bemaking of in trust ontvang en dit beheer, gebruik, bestuur of daarmee handel onderworpe aan die voorwaardes van die skenking, bemaking of trust.

(4) (*a*) Die Universiteit kan vir sy gebruik dié voorrade en uitrusting op dié wyse en onder dié voorwaardes verkry wat die Minister bepaal.

(*b*) Sodanige voorrade en uitrusting word beheer op 'n wyse wat die Minister moet bepaal.

**Samestelling van die Universiteit.**

**4.** Die Universiteit bestaan uit—

(*a*) 'n kanselier;

(*b*) 'n rektor, wat ook die vise-kanselier van die Universiteit is;

(*c*) 'n raad;

(*d*) 'n adviserende raad;

(*e*) 'n senaat;

(*f*) 'n adviserende senaat (indien 'n adviserende senaat kragtens artikel 11 ingestel word);

(*g*) die professore, lektore en studente van die Universiteit; en

(*h*) 'n registrateur en die ander personeel van die Universiteit.

**Kanselier van die Universiteit.**

**5.** (1) Die kanselier van die Universiteit word deur die raad gekies op die wyse by statuut voorgeskryf.

(2) Die bevoegdhede, voorregte, werksaamhede, pligte en ampstermyn van die kanselier is dié wat by statuut voorgeskryf word.

**Vise-kanselier van die Universiteit.**

**6.** Wanneer die kanselier afwesig is of nie in staat is om sy pligte en werksaamhede te verrig of sy bevoegdhede uit te oefen nie, verrig die rektor, in sy hoedanigheid van vise-kanselier, daardie pligte en werksaamhede en kan hy daardie bevoegdhede uitoefen.

**Rektor van die Universiteit.**

**7.** (1) Die rektor van die Universiteit word deur die Minister na oorlegpleging met die raad aangestel en sy diensvoorwaardes, bevoegdhede, voorregte, pligte en werksaamhede is, behoudens die bepalings van hierdie Wet, dié wat die raad met die goedkeuring van die Minister bepaal.

(2) Die Minister kan van tyd tot tyd na oorlegpleging met die raad 'n waarnemende rektor aanstel om die pligte en werksaamhede van die rektor van die Universiteit te verrig en sy bevoegdhede uit te oefen wanneer die rektor afwesig is of terwyl die aanstelling van 'n rektor hangende is.

(3) Die rektor is die hoof- uitvoerende beampte van die Universiteit en is ampshalwe lid van elke komitee van die raad of die senaat en van elke gesamentlike komitee van die raad en die senaat.

**Raad van die Universiteit.**

**8.** (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, berus die beheer, bestuur en uitvoerende mag van die Universiteit by die raad van die Universiteit wat bestaan uit—

(*a*) die rektor van die Universiteit;

(*b*) minstens agt persone deur die Staatspresident aangestel; en

(*c*) twee lede van die senaat wat die senaat kies.

(2) The council shall elect one of its members as chairman: Provided that if the chairman is absent from any meeting of the council the members present at such meeting shall elect one of their number to preside at such meeting.

(3) A member of the council other than the rector shall hold office for a period of four years unless he submits his resignation in writing to the council or vacates his office for any other reason before the expiry of such period.

(4) A casual vacancy on the council caused by the death of, or the vacation of his office by, a member shall with due regard to the provisions of subsection (1) be filled for the unexpired portion of the period of office of such member.

(5) A member of the council, other than the rector, shall vacate his office if he—

(*a*) is absent without the council's leave from two consecutive ordinary meetings of the council; or

(*b*) becomes insolvent; or

(*c*) is convicted of an offence and sentenced to imprisonment without the option of a fine.

(6) The meetings of the council shall be held at such times and places as the council may determine, and the quorum for and procedure at any meeting shall be prescribed by statute.

(7) The council may appoint committees of the council consisting of members of the council or of members of the council as well as other persons, and may assign any of its powers or functions to any such committee consisting exclusively of members of the council: Provided that any decision of any such committee in pursuance of such assignment shall be reviewed and may be altered or set aside by the council at its first meeting after the decision in question.

(8) The allowances payable to the chairman and members of the council or a committee of the council shall be as determined by the Minister in consultation with the Minister of Finance: Provided that any allowance payable to a chairman or member who is in the full-time service of the State shall be in accordance with the laws governing his conditions of service.

**Advisory council of the University.**

**9.** (1) The advisory council of the University shall consist of not less than eight persons appointed by the State President.

(2) The advisory council shall elect one of its members as chairman: Provided that if the chairman is absent from any meeting of the advisory council the members present at such meeting shall elect one of their number to preside at such meeting.

(3) A member of the advisory council shall hold office for a period of four years unless he submits his resignation in writing to the advisory council or vacates his office for any other reason before the expiry of such period.

(4) A casual vacancy on the advisory council caused by the death of, or the vacation of his office by, a member shall with due regard to the provisions of subsection (1) be filled for the unexpired portion of the period of office of such member.

(5) A member of the advisory council shall vacate his office if he—

(*a*) is absent without the advisory council's leave from two consecutive ordinary meetings of the advisory council; or

(*b*) becomes insolvent; or

(*c*) is convicted of an offence and sentenced to imprisonment without the option of a fine.

(6) The meetings of the advisory council shall be held at such times and places as the advisory council may determine in consultation with the rector, and the quorum for and procedure at any meeting shall be prescribed by statute.

(2) Die raad kies een van sy lede as voorsitter: Met dien verstande dat indien die voorsitter van 'n vergadering van die raad afwesig is, die lede wat by daardie vergadering teenwoordig is een uit hul midde moet kies om by daardie vergadering voor te sit.

(3) 'n Lid van die raad, behalwe die rektor, beklee sy amp vir 'n termyn van vier jaar tensy hy voor verstryking van dié termyn sy bedanking skriftelik by die raad indien of sy amp om 'n ander rede ontruim.

(4) 'n Toevallige vakature in die raad wat veroorsaak word deur die dood van, of die ontruiming van sy amp deur, 'n lid word met inagneming van die bepalings van subartikel (1) gevul vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van die lid.

(5) 'n Lid van die raad, behalwe die rektor, ontruim sy amp indien hy—

(*a*) sonder verlof van die raad van twee agtereenvolgende gewone vergaderings van die raad afwesig is; of
(*b*) insolvent raak; of
(*c*) aan 'n misdryf skuldig bevind word en tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis word.

(6) Vergaderings van die raad word gehou op die tye en plekke wat die raad bepaal, en die kworum vir en prosedure op 'n vergadering word by statuut voorgeskryf.

(7) Die raad kan komitees van die raad aanstel wat uit raadslede of uit sowel raadslede as ander persone bestaan, en kan aan so 'n komitee wat uitsluitlik uit raadslede bestaan enige van die raad se bevoegdhede of werksaamhede opdra: Met dien verstande dat 'n besluit van so 'n komitee uit hoofde van sodanige opdrag, deur die raad by sy eerste vergadering na die betrokke besluit hersien moet word en gewysig of tersyde gestel kan word.

(8) Die toelaes betaalbaar aan die voorsitter en lede van die raad of 'n komitee van die raad is soos deur die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal: Met dien verstande dat 'n toelae betaalbaar aan 'n voorsitter of lid wat in die voltydse diens van die Staat is, ooreenkomstig die wetsbepalings wat sy diensvoorwaardes reël, moet wees.

**Adviserende raad van die Universiteit.**

**9.** (1) Die adviserende raad van die Universiteit bestaan uit minstens agt persone deur die Staatspresident aangestel.

(2) Die adviserende raad kies een van sy lede as voorsitter: Met dien verstande dat indien die voorsitter van 'n vergadering van die adviserende raad afwesig is, die lede wat by daardie vergadering teenwoordig is een uit hul midde moet kies om by daardie vergadering voor te sit.

(3) 'n Lid van die adviserende raad beklee sy amp vir 'n termyn van vier jaar tensy hy voor verstryking van dié termyn sy bedanking skriftelik by die adviserende raad indien of sy amp om 'n ander rede ontruim.

(4) 'n Toevallige vakature in die adviserende raad wat veroorsaak word deur die dood van, of die ontruiming van sy amp deur, 'n lid word met inagneming van die bepalings van subartikel (1) gevul vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van die lid.

(5) 'n Lid van die adviserende raad ontruim sy amp indien hy—

(*a*) sonder verlof van die adviserende raad van twee agtereenvolgende gewone vergaderings van die adviserende raad afwesig is; of
(*b*) insolvent raak; of
(*c*) aan 'n misdryf skuldig bevind word en tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis word.

(6) Vergaderings van die adviserende raad word gehou op die tye en plekke wat die adviserende raad in oorleg met die rektor bepaal, en die kworum vir en prosedure op 'n vergadering word by statuut voorgeskryf.

(7) The chairman of the council may, and the rector or his representative shall, attend meetings of the advisory council and may participate in the proceedings but shall not have the right to vote.

(8) The advisory council shall advise the council in regard to any matter referred to it by the council and may advise the council in regard to any other matter affecting the affairs or interests of the University.

(9) The allowances payable to the chairman and members of the advisory council shall be as determined by the Minister in consultation with the Minister of Finance: Provided that any allowance payable to a chairman or member who is in the full-time service of the State shall be in accordance with the laws governing his conditions of service.

**Senate of the University.**

**10.** (1) The senate of the University shall consist of—

(*a*) the rector of the University, who shall be the chairman;

(*b*) not more than two other members of the council elected by the council;

(*c*) such professors and senior lecturers of the University as the council may from time to time designate for the purpose; and

(*d*) the persons appointed under subsection (2).

(2) (*a*) In respect of each faculty of the University, and until the Minister by written notification to the council determines otherwise either generally or in respect of a particular faculty, one or more persons who shall be professors in a corresponding faculty at another university institution shall be appointed as members of the senate in accordance with the provisions of paragraph (*b*).

(*b*) Such persons shall be so appointed by the council after consultation with the Minister and the other university institution concerned, and the number of persons so appointed in respect of any particular faculty shall from time to time be determined by the council after consultation with the Minister.

(*c*) The members appointed under this subsection shall participate only in such proceedings of the senate as relate to the curricula, the contents of the syllabi, the standard of examinations and the appointment, functions and duties of the external examiners and moderators referred to in section 30.

(*d*) The council may, after consultation with the Minister and the other university institution concerned, appoint any person who may be appointed as a member of the senate in respect of a particular faculty under this subsection, as an alternate to a member so appointed in respect of that faculty.

(3) Subject to the provisions of this section, the term of office of members of the senate, the powers, duties and functions of the senate and the quorum for and procedure at any meeting of the senate shall be as prescribed by statute.

(4) Subject to the provisions of section 8 (1), the functions of the senate shall include—

(*a*) the superintendence and regulation of the instruction in the several faculties, departments, lectures and classes of the University;

(*b*) the organization and control of the curricula and examinations of the University.

(5) The senate shall from time to time submit to the council—

(*a*) reports on the work of the senate;

(*b*) such recommendations regarding matters of importance to the University as it may deem expedient;

(*c*) recommendations regarding matters referred to it by the council.

(6) The senate may appoint committees of the senate consisting of members of the senate or of members of the senate

(7) Die voorsitter van die raad kan, en die rektor of sy verteenwoordiger moet, vergaderings van die adviserende raad bywoon en kan aan die verrigtinge deelneem maar het nie die reg om te stem nie.

(8) Die adviserende raad moet die raad van advies dien aangaande enige aangeleentheid wat die raad na hom verwys en kan die raad van advies dien aangaande enige ander aangeleentheid wat die sake of belange van die Universiteit raak.

(9) Die toelaes betaalbaar aan die voorsitter en lede van die adviserende raad is soos deur die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal: Met dien verstande dat 'n toelae betaalbaar aan 'n voorsitter of lid wat in die voltydse diens van die Staat is, ooreenkomstig die wetsbepalings wat sy diensvoorwaardes reël, moet wees.

**Senaat van die Universiteit.**

**10.** (1) Die senaat van die Universiteit bestaan uit—

(*a*) die rektor van die Universiteit, wat die voorsitter is;

(*b*) hoogstens twee ander lede van die raad wat die raad kies;

(*c*) dié professore en senior lektore van die Universiteit wat die raad van tyd tot tyd vir die doel aanwys; en

(*d*) die persone kragtens subartikel (2) aangestel.

(2) (*a*) Ten opsigte van elke fakulteit van die Universiteit en totdat die Minister in die algemeen of ten opsigte van 'n bepaalde fakulteit deur skriftelike mededeling aan die raad anders bepaal, word een of meer persone wat professore in 'n ooreenstemmende fakulteit aan 'n ander universiteitsinrigting moet wees, ooreenkomstig die bepalings van paragraaf (*b*) aangestel as lede van die senaat.

(*b*) Sodanige persone word aldus deur die raad na oorlegpleging met die Minister en die betrokke ander universiteitsinrigting aangestel en die getal persone aldus ten opsigte van 'n bepaalde fakulteit aangestel, word van tyd tot tyd deur die raad na oorlegpleging met die Minister bepaal.

(*c*) Die lede kragtens hierdie subartikel aangestel, neem slegs aan dié verrigtinge van die senaat deel wat betrekking het op die leerplanne, die inhoud van sillabusse, eksamenstandaarde en die aanstelling, werksaamhede en pligte van die in artikel 30 bedoelde eksterne eksaminatore en moderatore.

(*d*) Die raad kan iemand wat kragtens hierdie subartikel as lid van die senaat ten opsigte van 'n bepaalde fakulteit aangestel kan word, na oorlegpleging met die Minister en die betrokke ander universiteitsinrigting aanstel as plaasvervanger van 'n lid wat aldus ten opsigte van daardie fakulteit aangestel is.

(3) Behoudens die bepalings van hierdie artikel, is die ampstermyn van lede van die senaat, die bevoegdhede, pligte en werksaamhede van die senaat en die kworum vir en prosedure op 'n vergadering van die senaat, dié wat by statuut voorgeskryf word.

(4) Behoudens die bepalings van artikel 8 (1), behels die werksaamhede van die senaat—

(*a*) die toesig oor en die reëling van die onderrig in die onderskeie fakulteite, departemente, voorlesings en klasse van die Universiteit;

(*b*) die organisasie van en beheer oor die leerplanne en eksamens van die Universiteit.

(5) Die senaat lê van tyd tot tyd aan die raad voor—

(*a*) verslae oor die werksaamhede van die senaat;

(*b*) dié aanbevelings aangaande aangeleenthede van belang vir die Universiteit wat hy dienstig ag;

(*c*) aanbevelings aangaande aangeleenthede wat die raad na hom verwys.

(6) Die senaat kan komitees van die senaat aanstel wat uit lede van die senaat of uit sowel lede van die senaat as ander

as well as other persons, and may assign any of its powers or functions to any such committee consisting exclusively of members of the senate: Provided that any decision of any such committee in pursuance of such assignment shall be reviewed and may be altered or set aside by the senate at its first meeting after the decision in question.

(7) The senate may appoint any person as an assessor member of any such committee and an assessor member may participate in all the proceedings at a meeting of the committee in question but shall not have the right to vote.

(8) The allowances payable to any person appointed in terms of subsection (2), (6) or (7) as a member or alternate to a member of the senate or as a member or assessor member of a committee, shall be as determined by the Minister in consultation with the Minister of Finance: Provided that any allowance payable to any such person who is in the full-time service of the State shall be in accordance with the laws governing his conditions of employment.

Advisory senate of the University.

**11.** (1) The Minister may, if he deems it expedient, by written notification to the council establish an advisory senate of the University with effect from a date specified in the notification.

(2) The constitution, powers, duties and functions of any such advisory senate, the quorum for and the procedure at any meeting thereof and the period of office of its members shall be as prescribed by statute.

**Joint committees of council and senate.**

**12.** (1) The council and the senate may establish joint committees of the council and the senate for such purposes as the council may determine.

(2) Any such committee shall consist of members appointed by the council and the senate, respectively, from among their own members.

(3) The council or the senate may assign any of its powers or functions to such a committee but shall not be divested of any power or function so assigned to such a committee and may alter or set aside any decision of such a committee at the first ensuing meeting of the council or the senate.

**Vacancies do not affect powers of the University or the council or the senate.**

**13.** No vacancy in the office of chancellor or vice-chancellor of the University or deficiency in the number of members of the council or the senate shall prejudice or affect the corporate existence of the University or any powers, rights or privileges conferred by this Act upon the University or the council or the senate.

**Staff of the University.**

**14.** (1) The establishment at the University shall be determined by the Minister after consultation with the council.

(2) The power to appoint any person as a member of the teaching, administrative, clerical or other staff of the University or to promote, transfer, second or discharge any such member shall be vested in the council: Provided that the appointment, promotion, transfer, secondment or discharge of teaching and administrative staff in such posts as the Minister may determine shall be subject to his approval.

**Conditions of service.**

**15.** Subject to the provisions of this Act, the salary scales, salaries and allowances, the leave and other privileges and the other conditions of service of persons in the employment of the University shall be as the council may, with the approval of the Minister, determine.

**Pension rights and retirement benefits.**

**16.** (1) The University shall for the purposes of the Associated Institutions Pension Fund Act, 1963 (Act No. 41 of 1963), and the regulations issued thereunder, be an associated institution and shall for such purposes be deemed to have been declared such an institution with effect from the fixed date.

(2) Notwithstanding the provisions of the regulations referred to in subsection (1), any amount which, in terms of those pro-

persone bestaan, en kan aan so 'n komitee wat uitsluitlik uit lede van die senaat bestaan enige van die senaat se bevoegdhede of werksaamhede opdra: Met dien verstande dat 'n besluit van so 'n komitee uit hoofde van sodanige opdrag, deur die senaat by sy eerste vergadering na die betrokke besluit hersien moet word en gewysig of tersyde gestel kan word.

(7) Die senaat kan enigiemand as assessorlid van so 'n komitee aanstel en 'n assessorlid kan aan alle verrigtings by 'n vergadering van die betrokke komitee deelneem maar het nie die reg om te stem nie.

(8) Die toelaes betaalbaar aan iemand wat ingevolge subartikel (2), (6) of (7) as lid of plaasvervanger van 'n lid van die senaat of as lid of assessorlid van 'n komitee aangestel is, is soos deur die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal: Met dien verstande dat 'n toelae betaalbaar aan so iemand wat in die voltydse diens van die Staat is, ooreenkomstig die wetsbepalings wat sy diensvoorwaardes reël, moet wees.

**Adviserende senaat van die Universiteit.**

**11.** (1) Die Minister kan, indien hy dit dienstig ag, deur skriftelike mededeling aan die raad 'n adviserende senaat van die Universiteit instel vanaf 'n datum in die mededeling genoem.

(2) Die samestelling, bevoegdhede, pligte en werksaamhede van so 'n adviserende senaat, die kworum vir en die prosedure op 'n vergadering daarvan en die ampstermyn van lede daarvan is dié wat by statuut voorgeskryf word.

**Gesamentlike komitees van raad en senaat.**

**12.** (1) Die raad en die senaat kan gesamentlike komitees van die raad en die senaat instel vir die doeleindes wat die raad bepaal.

(2) So 'n komitee bestaan uit lede onderskeidelik deur die raad en die senaat uit hul eie geledere aangestel.

(3) Die raad of die senaat kan van sy bevoegdhede of werksaamhede aan so 'n komitee opdra maar is nie onthef van 'n bevoegdheid of werksaamheid wat aldus aan so 'n komitee opgedra is nie en kan 'n besluit van sodanige komitee by die eersvolgende raads- of senaatsvergadering wysig of tersyde stel.

**Vakatures raak nie bevoegdhede van die Universiteit of die raad of die senaat nie.**

**13.** 'n Vakature in die amp van kanselier of vise-kanselier of 'n tekort in die ledetal van die raad of die senaat maak nie inbreuk op of raak nie die regspersoonlikheid van die Universiteit of die bevoegdhede, regte of voorregte by hierdie Wet aan die Universiteit of die raad of die senaat verleen nie.

**Personeel van die Universiteit.**

**14.** (1) Die diensstaat by die Universiteit word deur die Minister na oorlegpleging met die raad bepaal.

(2) Die bevoegdheid om iemand as lid van die doserende, administratiewe, klerklike of ander personeel van die Universiteit aan te stel, of om so 'n lid te bevorder, oor te plaas, tydelik af te staan of te ontslaan, berus by die raad: Met dien verstande dat die aanstelling, bevordering, oorplasing, tydelike afstaan of ontslag van doserende en administratiewe personeel in dié poste wat die Minister bepaal, aan sy goedkeuring onderhewig is.

**Diensvoorwaardes.**

**15.** Behoudens die bepalings van hierdie Wet, is die salarisskale, salarisse en toelaes, die verlof- en ander voorregte en ander diensvoorwaardes van persone in diens van die Universiteit dié wat die raad met die goedkeuring van die Minister bepaal.

**Pensioenregte en uitdienstredingsvoordele.**

**16.** (1) Die Universiteit is vir die doeleindes van die Wet op die Pensioenfonds vir Geassosieerde Inrigtings, 1963 (Wet No. 41 van 1963), en die regulasies daarkragtens uitgevaardig, 'n geassosieerde inrigting en word vir sodanige doeleindes geag ingevolge artikel 4 van daardie Wet tot so 'n inrigting verklaar te gewees het vanaf die bepaalde datum.

(2) Ondanks die bepalings van die in subartikel (1) vermelde regulasies, word 'n bedrag wat ingevolge daardie bepalings ten opsigte van 'n bekleër van 'n pos by die Universiteit uit die

visions, would be payable in respect of an incumbent of a post at the University out of the Consolidated Revenue Fund, shall be paid out of the Bantu Education Account.

**Discharge of a member of staff appointed permanently.**

**17.** A member of the staff of the University who has been appointed permanently may, subject to the provisions of section 14 (2), be dismissed by the council—

(*a*) on account of attaining the pensionable age;
(*b*) in the case of a female, on account of her marriage;
(*c*) on account of continued ill-health;
(*d*) owing to the abolition of his post or to any reduction in or re-organization or re-adjustment of the staff of the University;
(*e*) if his discharge will in the opinion of the council facilitate improvements in the organization of the University by means of which greater efficiency or economy will be effected;
(*f*) in terms of the conditions of service governing his appointment.

**Misconduct and inefficient staff.**

**18.** (1) The procedure to be adopted in the case of a member of the staff of the University who is alleged to be inefficient or whose conduct is alleged to be unsatisfactory, shall be prescribed in the conditions of service referred to in section 15.

(2) If in the opinion of the Minister any staff member has committed any act or omitted to do any act and thereby rendered himself liable to a charge of misconduct or inefficiency in terms of his conditions of service, and the council fails, within a period of one month after having been requested by the Minister in writing to do so, to institute an enquiry into the conduct of the staff member concerned in accordance with such conditions of service and to take appropriate action on the findings arising out of the enquiry, the Minister may direct the council to institute such enquiry or such further enquiry as the Minister may consider necessary and to submit to him the record of the enquiry and a report on the action contemplated by the council on the findings at the enquiry.

(3) On receipt of the record and report referred to in subsection (2), the Minister may approve the action contemplated by the council or direct the council to take such other action as the council may lawfully take against the staff member concerned in terms of the conditions of service governing his appointment, and the council shall thereupon take such action.

(4) A report of any action taken in terms of subsection (3) shall be laid by the Minister upon the Table of the Senate and of the House of Assembly within thirty days after the taking of the action, if Parliament is in ordinary session, or, if Parliament is not in ordinary session, within thirty days after the commencement of its next ensuing ordinary session.

**Secondment of a staff member.**

**19.** A member of the staff of the University may, with his own consent, be seconded either for a particular service or for a period of time to the service of any office, department or administration of the Government of the Republic (including the Railways Administration, a provincial administration and the Administration of the territory of South-West Africa) or of any office, department or administration of any other Government, or to the service of any board, institution or body established by or under any law, or of any other person or body, upon such conditions as may be determined by the council with the approval of the Minister, and any such staff member shall remain subject to the provisions of this Act while so seconded: Provided that in the application of the disciplinary provisions of this Act the head of the office, department or administration or the chief executive officer of the board, institution or body or such other person to whose service such staff member has been seconded shall have all the powers which are vested in the rector of the University.

Gekonsolideerde Inkomstefonds betaalbaar sou wees, uit die Bantoe-onderwysrekening betaal.

Ontslag van 'n personeellid wat vas aangestel is.

**17.** 'n Lid van die personeel van die Universiteit wat vas aangestel is, kan, behoudens die bepalings van artikel 14 (2), deur die raad ontslaan word—

(*a*) weens bereiking van die pensioenleeftyd;
(*b*) in die geval van 'n vrouspersoon, vanweë haar huwelik;
(*c*) weens aanhoudende swak gesondheid;
(*d*) weens die afskaffing van sy pos of 'n vermindering in of herorganisasie of heraanpassing van die personeel van die Universiteit;
(*e*) indien sy ontslag na die oordeel van die raad verbeterings in die organisasie van die Universiteit sal vergemaklik waardeur groter doeltreffendheid of besparing bewerkstellig sal word;
(*f*) ingevolge die diensvoorwaardes wat sy aanstelling reël.

Wangedrag en onbekwame personeel.

**18.** (1) Die prosedure wat gevolg moet word in die geval van 'n lid van die personeel van die Universiteit wat na bewering onbekwaam is of wie se gedrag na bewering onbevredigend is, word voorgeskryf in die diensvoorwaardes in artikel 15 bedoel.

(2) Indien volgens die oordeel van die Minister 'n personeellid 'n handeling verrig het of versuim het om 'n handeling te verrig en hom daardeur blootgestel het aan 'n aanklag van wangedrag of onbekwaamheid ingevolge sy diensvoorwaardes en die raad versuim om, binne die tydperk van een maand nadat die Minister die raad skriftelik versoek het om dit te doen, ooreenkomstig bedoelde diensvoorwaardes ondersoek in te stel na die optrede van die betrokke personeellid en gepaste stappe op grond van die bevindings by so 'n ondersoek te doen, kan die Minister die raad gelas om dié ondersoek of dié verder ondersoek wat die Minister nodig ag, in te stel en om die notule van die ondersoek en 'n verslag van die stappe wat die raad van voorneme is om te doen op grond van die bevindings by die ondersoek, aan hom voor te lê.

(3) By ontvangs van die in subartikel (2) bedoelde notule en verslag, kan die Minister die voorgenome stappe van die raad goedkeur of die raad gelas om die ander stappe te doen wat die raad regtens teen die betrokke personeellid kan doen ingevolge die diensvoorwaardes wat sy aanstelling reël, en die raad moet daarop bedoelde stappe doen.

(4) 'n Verslag van stappe wat ingevolge subartikel (3) gedoen is, moet deur die Minister in die Senaat en in die Volksraad ter Tafel gelê word binne dertig dae nadat sodanige stappe gedoen is, as die Parlement in gewone sessie is, of as die Parlement nie in gewone sessie is nie, binne dertig dae na die aanvang van sy eersvolgende gewone sessie.

Tydelike afstaan van 'n personeellid.

**19.** 'n Lid van die personeel van die Universiteit kan, met sy eie toestemming, tydelik afgestaan word, hetsy vir 'n besondere diens of vir 'n tydperk, aan die diens van 'n kantoor, departement of administrasie van die Regering van die Republiek (met inbegrip van die Spoorwegadministrasie, 'n provinsiale administrasie en die Administrasie van die gebied Suidwes-Afrika) of van 'n kantoor, departement of administrasie van 'n ander Regering, of aan die diens van 'n raad, inrigting of liggaam wat by of kragtens een of ander wetsbepaling ingestel is, of van enige ander liggaam of persoon, op die voorwaardes wat deur die raad met die goedkeuring van die Minister bepaal word, en bedoelde personeellid bly, terwyl hy aldus afgestaan is, onderworpe aan die bepalings van hierdie Wet: Met dien verstande dat by die toepassing van die tugbepalings van hierdie Wet die hoof van die kantoor, departement of administrasie of die hoofuitvoerende beampte van die raad, inrigting of liggaam of sodanige ander persoon aan wie se diens bedoelde personeellid tydelik afgestaan is, al die bevoegdhede besit wat by die rektor van die Universiteit berus.

Registration as a student.

**20.** (1) No person shall be registered as a matriculated student of the University unless—

(*a*) he has obtained the matriculation certificate issued by the Joint Matriculation Board referred to in section 15 of the Universities Act, 1955 (Act No. 61 of 1955), or has in the opinion of the said Matriculation Board satisfied the conditions of exemption from the matriculation examination and has obtained a certificate to that effect: Provided that the council may in addition prescribe by regulation, as a prerequisite to admission to any particular course at the University, the attaining of a specified standard in any specified subject at the matriculation examination or at an examination recognized for the purpose by the said Matriculation Board; or

(*b*) he is a graduate of a university institution or has been admitted by a university institution to the status of a graduate; and

(*c*) he has complied with such other conditions as the council may prescribe by regulation; and

(*d*) he has paid the requisite moneys.

(2) Every person registered as a student of the University shall renew his registration annually so long as he continues to be a student of the University.

(3) A student of the University who fails to satisfy the prescribed minimum requirements of study may be refused permission by the council to renew his registration as a student.

(4) The council may after consultation with the senate and with the prior approval of the Minister limit the number of persons who may be permitted to register for any course, in which case the senate may select from among those persons qualified to proceed to such course the persons who shall be permitted to register therefor.

Prohibition on white students.

**21.** No person who is classified under the Population Registration Act, 1950 (Act No. 30 of 1950), as a white person shall register with the University as a student or attend it as a student.

Admission as a student of any person who does not belong to a Bantu national unit referred to in section 2 (3).

**22.** Notwithstanding the provisions of subsection (3) of section 2 but subject to the provisions of section 21, the council may approve the admission as a student of the University of any person who does not belong to a Bantu national unit referred to in that subsection, if the council is of the opinion that the admission of such person is justified: Provided that the first admission of any such person shall be subject to the approval of the Minister.

Refusal of admission as student.

**23.** The council may refuse admission to any person who applies for admission as a student of the University if the council considers it to be in the interests of the University to do so and the council shall not be obliged to give reasons for any such refusal.

Discipline, places of residence and places of instruction of students.

**24.** (1) A student of the University shall be subject to the disciplinary provisions prescribed by statute or by rules made by the council.

(2) The council may require a student to reside, for the periods during which the University is in session, at a place of residence approved by the council for the purpose.

(3) The council may determine at which place under the control of the University a student shall receive instruction.

Financial and other assistance to students.

**25.** (1) The Minister may, out of moneys appropriated by Parliament for the purpose out of the Bantu Education Account and subject to such conditions as the Minister may in consultation with the Minister of Finance determine, grant to a student of the University such financial or other material assistance as the Minister may deem fit.

Inskrywing as student.

**20.** (1) Niemand word as 'n gematrikuleerde student van die Universiteit ingeskryf nie tensy—

(*a*) hy die matrikulasiesertifikaat deur die in artikel 15 van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet No. 61 van 1955), bedoelde Gemeenskaplike Matrikulasieraad uitgereik, verwerf het of na die oordeel van die gemelde Matrikulasieraad voldoen het aan die voorwaardes van vrystelling van die matrikulasie-eksamen en 'n sertifikaat te dien effekte verkry het: Met dien verstande dat die raad daarbenewens die behaal van 'n bepaalde standaard in 'n bepaalde vak by die matrikulasie-eksamen of by 'n eksamen wat deur die gemelde Matrikulasieraad vir die doel erken word, by regulasie kan voorskryf as 'n voorvereiste vir toelating tot 'n bepaalde studiekursus aan die Universiteit; of

(*b*) hy 'n gegradueerde van 'n universiteitsinrigting is of tot die status van 'n gegradueerde deur 'n universiteitsinrigting toegelaat is; en

(*c*) hy voldoen het aan die ander voorwaardes wat deur die raad by regulasie voorgeskryf word; en

(*d*) hy die vereiste gelde betaal het.

(2) Elke persoon wat as 'n student van die Universiteit ingeskryf word, moet solank hy 'n student van die Universiteit bly, sy inskrywing jaarliks hernuwe.

(3) Aan 'n student van die Universiteit wat nie daarin slaag om aan die minimum studievereistes wat voorgeskryf word, te voldoen nie kan toestemming om sy inskrywing as student te hernuwe deur die raad geweier word.

(4) Die raad kan na oorlegpleging met die senaat en met die voorafgaande goedkeuring van die Minister, die aantal persone beperk wat toegelaat kan word om vir 'n kursus in te skryf, in watter geval die senaat uit die persone wat bevoeg is om tot die kursus toe te tree, diegene kan uitkies wat toegelaat moet word om daarvoor in te skryf.

Verbod op blanke studente.

**21.** Niemand wat kragtens die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (Wet No. 30 van 1950), as 'n blanke geklassifiseer is, mag hom by die Universiteit as student laat inskryf of dit as student bywoon nie.

Toelating as student van iemand wat nie tot 'n in artikel 2 (3) vermelde Bantoe-volkseenheid behoort nie.

**22.** Ondanks die bepalings van subartikel (3) van artikel 2, maar behoudens die bepalings van artikel 21, kan die raad die toelating van iemand wat nie tot 'n in daardie subartikel vermelde Bantoe-volkseenheid behoort nie, as 'n student van die Universiteit goedkeur indien die raad van oordeel is dat die toelating van daardie persoon geregverdig is: Met dien verstande dat die eerste toelating van so 'n persoon aan die goedkeuring van die Minister onderworpe is.

Weiering van toelating as student.

**23.** Die raad kan die toelating van enigiemand wat aansoek doen om as student van die Universiteit toegelaat te word, weier indien die raad dit in belang van die Universiteit ag om dit te doen, en die raad is nie verplig om redes vir so 'n weiering te verstrek nie.

Tug, verblyfplekke en plekke van onderrig van studente.

**24.** (1) 'n Student van die Universiteit is onderworpe aan die tugbepalings wat by statuut, of by reëls deur die raad uitgevaardig, voorgeskryf word.

(2) Die raad kan vereis dat 'n student gedurende die tydperk wanneer die Universiteit in sessie is, by 'n verblyfplek inwoon wat die raad vir dié doel goedgekeur het.

(3) Die raad kan bepaal by watter plek onder beheer van die Universiteit 'n student onderrig moet ontvang.

Finansiële en ander hulp aan studente.

**25.** (1) Die Minister kan, uit gelde deur die Parlement uit die Bantoe-onderwysrekening vir die doel bewillig en onderworpe aan die voorwaardes wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal, aan 'n student van die Universiteit die finansiële of ander materiële hulp verleen wat die Minister goedvind.

(2) Any moneys recovered in respect of a loan or bursary granted under subsection (1) shall be paid into the Bantu Education Account.

Fees payable by a student.

**26.** (1) The fees payable by a student to the University shall be as determined by the Minister in consultation with the Minister of Finance.

(2) The council shall pay into the Bantu Education Account such part of the said fees as the Minister may in consultation with the Minister of Finance determine.

Faculties, departments and courses.

**27.** (1) At the University there shall be—

(*a*) faculties of arts, mathematics and natural sciences, education, economics and administration, and theology; and

(*b*) such other faculties as the council may from time to time establish after consultation with the senate and with the approval of the Minister.

(2) The council may not without the prior approval of the Minister establish any department or any course for a degree, diploma or certificate or in a subject, for which express authority to the university college did not exist under any law immediately prior to the fixed date.

Degrees, diplomas and certificates.

**28.** (1) Subject to the provisions of this Act, the University may confer such degrees in a faculty as it may deem fit.

(2) The designation of any particular degree in any faculty shall be as prescribed by statute.

(3) Save as provided by section 31, the University shall not confer any degree upon any person who has not attained the prescribed standard of proficiency in an examination or other test.

(4) Subject to the provisions of this Act, the University may grant a diploma or certificate to any person who has pursued a course of study provided by the University or to any other person who in its opinion possesses the qualifications for such a diploma or certificate.

Admission to equivalent status at the University.

**29.** Subject to the provisions of the statute, the council may, on the recommendation of the senate—

(*a*) admit a graduate of any other university institution or of any university outside the Republic to a status at the University equivalent to that which he possesses at such other university institution or at such university;

(*b*) admit as a candidate for the honours degree of bachelor or for the degree of master or doctor of the University any person who has passed at any other university institution or at any university outside the Republic or at any other institution considered by the senate to be equivalent to the University, such examinations as in the opinion of the senate are equivalent to or higher than the examinations prescribed for a degree of the University which is a prerequisite for such honours degree of bachelor or degree of master or doctor of the University.

Examinations and other tests of the University.

**30.** Any examination or other test of the University shall be conducted under the control of the senate and subject to the provisions of the statute: Provided that until the Minister otherwise determines, the services of external examiners or moderators appointed by the council on the recommendation of the senate shall be utilized, in such manner as the senate may with the approval of the council determine, for the purpose of conducting any examination or other test (including any treatise or thesis) at the end of the final semester in a major subject leading to a degree, diploma or certificate, and such other examinations (if any) as the council may on the recommendation of the senate determine.

(2) Gelde wat ingevorder word ten opsigte van 'n lening of 'n beurs kragtens subartikel (1) toegestaan, word in die Bantoe-onderwysrekening inbetaal.

Gelde betaalbaar deur 'n student.

**26.** (1) Die gelde betaalbaar deur 'n student aan die Universiteit is dié wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal.

(2) Die raad moet dié gedeelte van bedoelde gelde wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal, in die Bantoe-onderwysrekening inbetaal.

Fakulteite, departemente en kursusse.

**27.** (1) Aan die Universiteit is daar—

(*a*) fakulteite van lettere en wysbegeerte, wiskunde en natuurwetenskappe, opvoedkunde, ekonomie en administrasie, en teologie; en

(*b*) dié ander fakulteite wat die raad na oorlegpleging met die senaat en met die goedkeuring van die Minister van tyd tot tyd instel.

(2) Die raad mag nie sonder die voorafgaande goedkeuring van die Minister 'n departement of 'n kursus vir 'n graad, diploma of sertifikaat of in 'n vak instel waarvoor daar nie onmiddellik voor die bepaalde datum uitdruklike magtiging aan die universiteitskollege ingevolge 'n wetsbepaling bestaan het nie.

Grade, diplomas en sertifikate.

**28.** (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, kan die Universiteit in 'n fakulteit dié grade toeken wat hy goedvind.

(2) Die naam van 'n bepaalde graad in 'n fakulteit is dié wat by statuut voorgeskryf word.

(3) Behoudens die bepalings van artikel 31, mag die Universiteit nie 'n graad aan iemand toeken wat nie in 'n eksamen of ander toets dié peil van bekwaamheid wat voorgeskryf word, bereik het nie.

(4) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, kan die Universiteit 'n diploma of sertifikaat verleen aan iemand wat 'n studiekursus gevolg het wat die Universiteit aanbied, of aan iemand anders wat na sy oordeel die kwalifikasies vir so 'n diploma of sertifikaat besit.

Toelating tot gelyke status aan die Universiteit.

**29.** Behoudens die bepalings van die statuut, kan die raad op aanbeveling van die senaat—

(*a*) 'n gegradueerde van 'n ander universiteitsinrigting of van 'n universiteit buite die Republiek tot 'n status aan die Universiteit toelaat wat gelykstaande is met die status wat hy aan daardie ander universiteitsinrigting of aan daardie universiteit besit;

(*b*) iemand wat aan 'n ander universiteitsinrigting of aan 'n universiteit buite die Republiek of aan 'n ander instelling wat deur die senaat as gelykstaande met die Universiteit beskou word, geslaag het in eksamens wat na die oordeel van die senaat gelykwaardig is met, of hoër is as, die eksamens wat voorgeskryf word vir 'n graad van die Universiteit wat 'n voorvereiste is vir 'n baccalaureus-honneurs-, magisters- of doktorsgraad van die Universiteit, as kandidaat toelaat vir 'n graad waarvoor eersbedoelde graad so 'n voorvereiste is.

Eksamens en ander toetse van die Universiteit.

**30.** 'n Eksamen of ander toets van die Universiteit word afgeneem onder die beheer van die senaat en onderworpe aan die bepalings van die statuut: Met dien verstande dat, totdat die Minister anders bepaal, daar by die afneem van 'n eksamen of ander toets (met inbegrip van 'n verhandeling of proefskrif) wat aan die einde van die laaste semester afgeneem word in 'n hoofvak wat tot 'n graad, diploma of sertifikaat lei, en van dié ander eksamens (indien daar is) wat die raad op aanbeveling van die senaat bepaal, gebruik gemaak moet word, op dié wyse wat die senaat met die goedkeuring van die raad bepaal, van die dienste van eksterne eksaminatore of moderatore wat die raad op aanbeveling van die senaat aanstel.

Degrees *honoris causa.*

**31.** Subject to the provisions of the statute, the University may, on the resolution of the council passed on the recommendation of the senate, and without examination, confer a degree *honoris causa* of master or doctor in any faculty upon any person who has rendered distinguished services in the advancement of arts, jurisprudence, social science, natural sciences, education, commerce and administration or other branches of learning, or upon any person whom the University may deem worthy of such a degree.

Institutes.

**32.** The University may with the approval of the Minister organize any portion of the University as an institute and establish any such institute also at a place other than the seat of the University and may, with such approval, set up for the government of any such institute a body which, subject to the authority of the council and the senate, shall exercise such powers as may be prescribed by statute.

Statute and regulations.

**33.** (1) The council shall have power to frame—

(*a*) a statute of the University for giving effect to any law relating to the University and for the general government of the University in relation to matters not specifically prescribed by any law; and

(*b*) regulations for the better carrying out of such statute or to prescribe any matter which in terms of this Act is to be prescribed by regulation:

Provided that no statute or regulation relating to the studies, instruction, examinations or discipline of the University shall be framed, amended, added to or repealed except after consultation with the senate.

(2) Any statute which a council proposes to frame under this section shall be submitted to the Minister for approval and, if approved by him, shall be published in the *Gazette* and, subject to the provisions of subsections (3) and (4), have force and effect on such publication.

(3) Any statute framed under this section shall be laid on the Table of the Senate and of the House of Assembly within thirty days after publication thereof in the *Gazette*, if Parliament is in ordinary session, or, if Parliament is not in ordinary session, within thirty days after the commencement of its next ensuing ordinary session and shall remain on the Table of the Senate and of the House of Assembly for a period of at least thirty days, and, if Parliament is prorogued before the required thirty days have elapsed, such statute shall, within fourteen days after the commencement of the next ensuing ordinary session of Parliament, again be laid on the Table of the Senate and of the House of Assembly.

(4) If the Senate and the House of Assembly by resolution passed in the same session (being a session during which such statute has been laid on the Table of the Senate and of the House of Assembly in terms of subsection (3)), disapprove such statute, it shall to the extent to which it is so disapproved cease to be of force and effect but without derogating from the validity of anything done under such statute up to the date on which it so ceases to be of force and effect, or from any right, privilege, obligation or liability acquired, accrued or incurred as at that date by virtue of such statute.

(5) Any regulation which the council proposes to frame under this section shall be submitted to the Minister for his approval and, if approved by him, shall be published in the *Gazette* and shall have force and effect on such publication.

Financing.

**34.** The Minister may in consultation with the Minister of Finance and subject to such conditions, and on such basis, as the Minister may in consultation with the Minister of Finance

Grade *honoris causa.*

**31.** Behoudens die bepalings van die statuut, kan die Universiteit, by besluit van die raad aangeneem op aanbeveling van die senaat, en sonder eksamen, 'n magisters- of doktorsgraad in enige fakulteit *honoris causa* toeken aan iemand wat met onderskeiding diens gelewer het ter bevordering van lettere en wysbegeerte, regsgeleerdheid, sosiale wetenskappe, natuurwetenskappe, opvoedkunde, handelswetenskappe en administrasie of ander vertakkings van geleerdheid, of aan iemand wat die raad so 'n graad waardig ag.

Institute.

**32.** Die Universiteit kan met die goedkeuring van die Minister 'n gedeelte van die Universiteit as 'n instituut organiseer en so 'n instituut ook op 'n ander plek as die setel van die Universiteit instel en kan, met sodanige goedkeuring, vir die bestuur van so 'n instituut 'n liggaam instel wat, onderworpe aan die gesag van die raad en die senaat, dié bevoegdhede uitoefen wat by statuut voorgeskryf word.

Statute en regulasies.

**33.** (1) Die raad is bevoeg om—

(*a*) 'n statuut van die Universiteit op te stel om uitvoering te gee aan 'n wetsbepaling betreffende die Universiteit en in verband met die algemene bestuur van die Universiteit met betrekking tot aangeleenthede wat nie deur 'n wetsbepaling uitdruklik voorgeskryf word nie; en

(*b*) regulasies op te stel om sodanige statuut doeltreffender uit te voer of om 'n aangeleentheid voor te skryf wat ingevolge hierdie Wet by regulasie voorgeskryf moet word:

Met dien verstande dat 'n statuut of regulasie wat betrekking het op die studies, onderrig, eksamens of tug van die Universiteit nie opgestel, gewysig, aangevul of herroep word nie behalwe na oorlegpleging met die senaat.

(2) 'n Statuut wat die raad voornemens is om kragtens hierdie artikel op te stel, moet aan die Minister vir goedkeuring voorgelê word, en indien dit deur hom goedgekeur word, moet dit in die *Staatskoerant* afgekondig word en word dit, behoudens die bepalings van subartikels (3) en (4), by sodanige afkondiging van krag.

(3) 'n Kragtens hierdie artikel opgestelde statuut moet in die Senaat en in die Volksraad ter Tafel gelê word binne dertig dae na afkondiging daarvan in die *Staatskoerant*, indien die Parlement in gewone sessie is, of, indien die Parlement nie in gewone sessie is nie, binne dertig dae na die aanvang van sy eersvolgende gewone sessie, en moet vir 'n tydperk van minstens dertig dae in die Senaat en in die Volksraad ter Tafel lê, en indien die Parlement geprorogeer word voordat die vereiste dertig dae verloop het, moet daardie statuut binne veertien dae na die aanvang van die eersvolgende gewone sessie van die Parlement weer in die Senaat en in die Volksraad ter Tafel gelê word.

(4) Indien die Senaat en die Volksraad by besluit gedurende dieselfde sessie geneem (naamlik 'n sessie waarin die statuut ooreenkomstig subartikel (3) in die Senaat en in die Volksraad ter Tafel gelê is), dié statuut afkeur, verval die regskrag daarvan vir sover dit aldus afgekeur word, dog sonder om afbreuk te doen aan die geldigheid van enigiets wat kragtens bedoelde statuut tot op die datum waarop die regskrag daarvan aldus verval, gedoen is, of aan 'n reg, voorreg, verpligting of aanspreeklikheid wat op bedoelde datum reeds uit hoofde van bedoelde statuut verkry, opgeloop of aangegaan is.

(5) 'n Regulasie wat die raad voornemens is om kragtens hierdie artikel op te stel, moet aan die Minister vir sy goedkeuring voorgelê word, en indien dit deur hom goedgekeur word, moet dit in die *Staatskoerant* afgekondig word en word dit by sodanige afkondiging van krag.

Finansiering.

**34.** Die Minister kan, in oorleg met die Minister van Finansies en onderworpe aan dié voorwaardes en op dié grondslag wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies be-

determine, annually grant, out of moneys appropriated by Parliament for the purpose out of the Bantu Education Account, amounts to the University in respect of such capital and normal recurrent expenditure as may be necessary for the fulfilment by the University of its functions, including research: Provided that the moneys required for capital expenditure may be made available from moneys appropriated by Parliament out of the Loan Account, subject to repayment to that Account from the Bantu Education Account at such times and on such terms and conditions as the Minister may in consultation with the Minister of Finance determine.

Accounts and audit.

**35.** (1) The council shall cause a full and correct account to be kept of all moneys received or expended by the University and of all assets and liabilities and all financial transactions of the University.

(2) The books and statements of account and balance sheet of the council shall be audited annually by the Controller and Auditor-General.

Submission of returns and statistics by the council.

**36.** The council shall submit to the Minister such returns and statistics in such manner as he may from time to time determine or request.

Expropriation of land required for or in connection with the University.

**37.** (1) The Minister of Agriculture may, at the request of the Minister made after consultation with the Minister of Finance, expropriate any land required for or in connection with the University, and the provisions of the Expropriation Act, 1965 (Act No. 55 of 1965), shall *mutatis mutandis* apply in respect of any such expropriation.

(2) Land expropriated in terms of subsection (1) or any other State land may be made available to the University in such manner and subject to such conditions and terms as the Minister may determine.

Delegation of powers by Minister.

**38.** (1) The Minister may delegate any power conferred on him by section 3 (4) (*a*) or 14 (2) to the Secretary for Bantu Education or to any other officer in the Department of Bantu Education.

(2) The Minister may delegate to the council any power conferred on him by section 3 (4) (*b*).

Offences.

**39.** (1) Any person who, without the authority of the University—

(*a*) purports to confer on any person a degree purporting to be a degree of the University, or issues any certificate or diploma purporting to have been issued by the University; or

(*b*) performs any act which purports to have been performed by or on behalf of the University,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one thousand rand or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.

(2) Any person who contravenes the provisions of section 21 shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred rand or in default of payment to imprisonment for a period not exceeding one month.

Transfer of assets, liabilities, rights and obligations of the council of the university college.

**40.** All assets, liabilities, rights and obligations which immediately prior to the fixed date were vested in or had devolved upon the council of the university college or which, had this Act not come into operation, would have vested in or devolved upon that council, shall vest in the University and no transfer duty, stamp duty or other fees or charges shall be payable in connection therewith: Provided that moneys which were vested in the council of the university college by virtue of any trust, donation or bequest shall be applied by the University in accordance with the conditions of the trust, donation or bequest.

paal, uit gelde wat die Parlement uit die Bantoe-onderwysrekening vir dié doel bewillig, jaarliks bedrae aan die Universiteit toeken ten opsigte van dié kapitaal- en normale wederkerende uitgawes wat nodig is vir die uitvoering deur die Universiteit van sy werksaamhede met inbegrip van navorsing: Met dien verstande dat die gelde wat vir kapitaaluitgawes benodig word, uit gelde deur die Parlement uit die Leningsrekening bewillig, beskikbaar gestel kan word onderworpe aan terugbetaling aan daardie Rekening uit die Bantoe-onderwysrekening op dié tye en op dié bedinge en voorwaardes wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal.

Rekenings en oudit.

**35.** (1) Die raad moet volledige en juiste rekenings laat hou van alle gelde deur die Universiteit ontvang of bestee en van alle bates en laste en alle finansiële transaksies van die Universiteit.

(2) Die boeke en rekenings en balansstaat van die raad moet jaarliks deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal geouditeer word.

Indiening van opgawes en statistiek deur die raad.

**36.** Die raad moet dié opgawes en statistiek op dié wyse wat die Minister van tyd tot tyd bepaal of aanvra, aan die Minister verstrek.

Onteiening van grond benodig vir of in verband met die Universiteit.

**37.** (1) Die Minister van Landbou kan, op versoek van die Minister gedoen na oorlegpleging met die Minister van Finansies, grond wat vir of in verband met die Universiteit benodig word, onteien, en die bepalings van die Onteieningswet, 1965 (Wet No. 55 van 1965), is *mutatis mutandis* ten opsigte van so 'n onteiening van toepassing.

(2) Grond wat ingevolge subartikel (1) onteien is of enige ander Staatsgrond kan op die wyse en onder die voorwaardes en bedinge wat die Minister bepaal, aan die Universiteit beskikbaar gestel word.

Delegering van bevoegdhede deur Minister.

**38.** (1) Die Minister kan 'n bevoegdheid by artikel 3 (4) (*a*) of 14 (2) aan hom verleen, aan die Sekretaris van Bantoe-onderwys of aan 'n ander beampte in die Departement van Bantoe-onderwys delegeer.

(2) Die Minister kan 'n bevoegdheid by artikel 3 (4) (*b*) aan hom verleen, aan die raad delegeer.

Misdrywe.

**39.** (1) Iemand wat sonder die magtiging van die Universiteit—

(*a*) voorgee dat hy aan iemand 'n graad toeken wat heet 'n graad van die Universiteit te wees, of 'n sertifikaat of diploma uitreik wat heet deur die Universiteit uitgereik te wees; of

(*b*) 'n handeling verrig wat heet deur of namens die Universiteit verrig te wees,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens duisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

(2) Iemand wat die bepalings van artikel 21 oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd rand of by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand.

Oordrag van bates, laste, regte en verpligtings van die raad van die universiteitskollege.

**40.** Alle bates, laste, regte en verpligtings wat onmiddellik voor die bepaalde datum aan die raad van die universiteitskollege behoort het of op hom oorgegaan het of wat, indien hierdie Wet nie in werking getree het nie, aan daardie raad sou behoort het of op hom sou oorgegaan het, gaan oor op die Universiteit en geen hereregte, seëlregte of ander gelde of koste is in verband daarmee betaalbaar nie: Met dien verstande dat gelde wat aan die raad van die universiteitskollege behoort het uit hoofde van 'n trust, skenking of bemaking, deur die Universiteit aangewend moet word ooreenkomstig die voorwaardes van die trust, skenking of bemaking.

Transfer of staff employed at the university college.

**41.** (1) Any person who immediately prior to the fixed date occupied a post on the establishment at the university college, shall as from that date be an employee of the University and as such be subject to the provisions of this Act, and shall be deemed to have been appointed under section 14 to the post in question on the establishment of the University: Provided that the pensionable emoluments or the salary or salary scale at or according to which such person was remunerated immediately prior to the fixed date shall not be decreased except with his consent.

(2) Notwithstanding the provisions of any other law but subject to the provisions of subsections (3) and (4), any person who in terms of subsection (1) becomes an employee of the University shall retain all rights and privileges acquired by him, and remain subject to all obligations incurred by him, in terms of any pension law or pension rules which applied to him immediately prior to the fixed date, and such law or rules (including any amendment thereof made after the fixed date) shall continue to apply to him.

(3) The provisions of subsection (2) shall not prevent any person who—

(*a*) is a member of the Provident Fund and Pension Scheme for University Institutions established in terms of the regulations issued under section 12 of the Higher Education Additional Provision Act, 1917 (Act No. 20 of 1917); or

(*b*) is a member of the Provident Fund and Pension Scheme for Technical Colleges established in terms of the regulations issued under section 19 of the Higher Education Act, 1923 (Act No. 30 of 1923); or

(*c*) is a contributor to a fund referred to in section 2 (1), (2) or (3) of the Government Service Pensions Act, 1965 (Act No. 62 of 1965),

from becoming a member, in accordance with the regulations issued under the Associated Institutions Pension Fund Act, 1963 (Act No. 41 of 1963), of any pension fund established in terms of the last-mentioned regulations.

(4) In the application of subsection (2) the University and the council shall for all the purposes of a provident fund and pension scheme referred to in subsection (3) (*a*) or (*b*) be deemed to be a university and a council, respectively, as defined in section 1 of the Universities Act, 1955 (Act No. 61 of 1955).

(5) Notwithstanding the provisions of any other law, the State shall continue to be liable for the payment of any contribution, annuity or gratuity for the payment of which it was liable in terms of any law or rules relating to a provident fund or pension scheme which were of force and effect at the university college immediately prior to the fixed date, and such payment shall be made out of moneys appropriated by Parliament for the purpose out of the Bantu Education Account.

Recognition of examinations of the University of South Africa and the university college.

**42.** (1) If any person has passed any examination or other test conducted prior to the fixed date by the University of South Africa in terms of section 20 of the Extension of University Education Act, 1959 (Act No. 45 of 1959), or by the university college in terms of section 22 of that Act, such person shall, for the purposes of the conferring or the granting of any degree, diploma or certificate by the University, be deemed to have passed a corresponding examination or test of the University.

(2) Any person who is or was registered as a student of the university college on or before the fixed date for a degree, diploma, certificate, examination or other test of the University of South Africa, shall be deemed to be or to have been registered

Oorplasing van personeel in diens by die universiteitskollege.

**41.** (1) Iemand wat onmiddellik voor die bepaalde datum 'n pos op die diensstaat by die universiteitskollege beklee het, is vanaf daardie datum 'n werknemer van die Universiteit en as sodanig onderworpe aan die bepalings van hierdie Wet, en word geag kragtens artikel 14 in die betrokke pos op die diensstaat van die Universiteit aangestel te gewees het: Met dien verstande dat die pensioengewende verdienste of die salaris of salarisskaal waarteen of waarvolgens so iemand onmiddellik voor die bepaalde datum besoldig was, nie verminder mag word nie behalwe met sy toestemming.

(2) Ondanks andersluidende wetsbepalings maar behoudens die bepalings van subartikels (3) en (4), behou iemand wat ingevolge subartikel (1) 'n werknemer van die Universiteit word al die regte en voorregte wat hy verkry het en bly hy onderworpe aan al die verpligtings wat hy opgeloop het ingevolge 'n pensioenwet of pensioenreëls wat onmiddellik voor die bepaalde datum op hom van toepassing was en hou sodanige wet of reëls (met inbegrip van enige wysiging daarvan wat na die bepaalde datum aangebring word) aan om op hom van toepassing te wees.

(3) Die bepalings van subartikel (2) belet niemand wat—

(*a*) 'n lid is van die Voorsorgfonds en Pensioenskema vir Universiteitsinrigtings ingestel ingevolge die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 12 van die „Wet tot Addisionele Regeling van het Hoger Onderwijs, 1917" (Wet No. 20 van 1917); of

(*b*) 'n lid is van die Voorsorgfonds en Pensioenskema vir Tegniese Kolleges ingestel ingevolge die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 19 van die „Hoger Onderwijs Wet, 1923" (Wet No. 30 van 1923); of

(*c*) 'n bydraer is tot 'n fonds bedoel in artikel 2 (1), (2) of (3) van die Regeringsdienspensioenwet, 1965 (Wet No. 62 van 1965),

om ooreenkomstig die regulasies uitgevaardig kragtens die Wet op die Pensioenfonds vir Geassosieerde Inrigtings, 1963 (Wet No. 41 van 1963), lid te word van 'n ingevolge laasgenoemde regulasies ingestelde pensioenfonds nie.

(4) By die toepassing van subartikel (2) word die Universiteit en die raad vir alle doeleindes van 'n in subartikel (3) (*a*) of (*b*) bedoelde voorsorgfonds en pensioenskema onderskeidelik beskou as 'n universiteit en 'n raad soos in artikel 1 van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet No. 61 van 1955), omskryf.

(5) Ondanks andersluidende wetsbepalings, bly die Staat aanspreeklik vir die betaling van 'n bydrae, jaargeld of gratifikasie vir die betaling waarvan hy aanspreeklik was ingevolge 'n wet of reëls met betrekking tot 'n voorsorgfonds of pensioenskema wat onmiddellik voor die bepaalde datum by die universiteitskollege van krag was, en sodanige betaling geskied uit gelde deur die Parlement uit die Bantoe-onderwysrekening vir die doel bewillig.

Erkenning van eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika en die universiteitskollege.

**42.** (1) Indien iemand geslaag het in 'n eksamen of ander toets wat voor die bepaalde datum afgeneem is deur die Universiteit van Suid-Afrika ingevolge die bepalings van artikel 20 van die Wet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding, 1959 (Wet No. 45 van 1959), of deur die universiteitskollege ingevolge die bepalings van artikel 22 van daardie Wet, word so iemand vir die doeleindes van die toekenning of verlening van 'n graad, diploma of sertifikaat deur die Universiteit geag in 'n ooreenstemmende eksamen of toets van die Universiteit te geslaag het.

(2) Iemand wat op of voor die bepaalde datum as 'n student van die universiteitskollege ingeskryf is of was vir 'n graad, diploma, sertifikaat, eksamen of ander toets van die Universiteit van Suid-Afrika, word geag ingeskryf te wees of te gewees het

for the corresponding degree, diploma, certificate, examination or other test of the University, and the University shall not be obliged to prepare any such person for the relevant degree, diploma, certificate, examination or other test of the University of South Africa.

**Transitional provisions.**

**43.** (1) Any decision, approval, determination or other action which immediately prior to the fixed date applied to or in respect of the university college in terms of the Extension of University Education Act, 1959 (Act No. 45 of 1959), and which could be taken, given, made or performed in relation to the University in terms of any provision of this Act, shall, in so far as it is not inconsistent with this Act and until it is superseded by a decision, approval, determination or other action in terms of this Act, apply to or in respect of the University as if such decision, approval, determination or other action were taken, given, made or performed in relation to the University in terms of the relevant provision of this Act.

(2) Any regulation or other directive under, and any provision of, the Act referred to in subsection (1) which immediately prior to the fixed date applied to or in respect of the university college or any matter in connection with the university college and which prescribed anything which in relation to the University or the corresponding matter in connection with the University is to be prescribed by statute or regulation under this Act, shall, in so far as it is not inconsistent with this Act and until it is superseded by the statute or a regulation under this Act, *mutatis mutandis* apply to or in respect of the University or such corresponding matter as if such regulation, other directive or provision were a statute or regulation under this Act.

(3) Any provision of the joint statutes which on the fixed date apply in terms of section 18 of the Universities Act, 1955 (Act No. 61 of 1955), to any university as defined in section 1 of that Act and which relate to the minimum period of attendance for a degree of bachelor or the admission of a registered student of a university as so defined to any other such university, shall *mutatis mutandis* apply to the University in so far as it is not inconsistent with this Act and until it is superseded by the statute.

**Short title and commencement.**

**44.** This Act shall be called the University of the North Act, 1969, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

vir die ooreenstemmende graad, diploma, sertifikaat, eksamen of ander toets van die Universiteit en die Universiteit is nie verplig om so iemand voor te berei vir die betrokke graad, diploma, sertifikaat, eksamen of ander toets van die Universiteit van Suid-Afrika nie.

Oorgangsbepalings.

**43.** (1) 'n Besluit, goedkeuring, bepaling of ander handeling ingevolge die Wet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding, 1959 (Wet No. 45 van 1959), wat onmiddellik voor die bepaalde datum vir of ten opsigte van die universiteitskollege gegeld het en wat met betrekking tot die Universiteit ingevolge 'n bepaling van hierdie Wet geneem, gegee, gedoen of verrig sou kon word, geld, vir sover dit nie met hierdie Wet onbestaanbaar is nie en totdat dit deur 'n besluit, goedkeuring, bepaling of ander handeling ingevolge hierdie Wet vervang word, vir of ten opsigte van die Universiteit asof sodanige besluit, goedkeuring, bepaling of ander handeling ingevolge die betrokke bepaling van hierdie Wet met betrekking tot die Universiteit geneem, gegee, gedoen of verrig is.

(2) 'n Regulasie of ander voorskrif kragtens, en 'n bepaling van, die Wet in subartikel (1) vermeld wat onmiddellik voor die bepaalde datum vir of ten opsigte van die universiteitskollege of 'n aangeleentheid in verband met die universiteitskollege gegeld het en wat enigiets voorgeskryf het wat met betrekking tot die Universiteit of die ooreenstemmende aangeleentheid in verband met die Universiteit by statuut of regulasie kragtens hierdie Wet voorgeskryf moet word, geld, vir sover dit nie met hierdie Wet onbestaanbaar is nie en totdat dit deur die statuut of 'n regulasie kragtens hierdie Wet vervang word, *mutatis mutandis* vir of ten opsigte van die Universiteit of daardie ooreenstemmende aangeleentheid asof sodanige regulasie, ander voorskrif of bepaling 'n statuut of regulasie kragtens hierdie Wet is.

(3) 'n Bepaling van die gemeenskaplike statute wat op die bepaalde datum ingevolge artikel 18 van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet No. 61 van 1955), van toepassing is op 'n universiteit soos in artikel 1 van daardie Wet omskryf en wat betrekking het op die minimum tydperk van bywoning vir 'n baccalaureus-graad of die toelating van 'n ingeskrewe student van 'n universiteit soos aldus omskryf tot 'n ander sodanige universiteit, is *mutatis mutandis* van toepassing op die Universiteit vir sover dit nie met hierdie Wet onbestaanbaar is nie en totdat dit deur die statuut vervang word.

Kort titel en inwerkingtreding.

**44.** Hierdie Wet heet die Wet op die Universiteit van die Noorde, 1969, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS LTD., CAPE TOWN—B90/14,700.
GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP EN TRANSVAAL DRUKKERS BPK., KAAPSTAD—B90/14,700.